

OGGEND-EN-GESINSDIENS 03 MEI 2020

TEKS: 1 PETRUS 2:18-25

TEMA: WWJD

DS. RENÉ POTGIETER

INLEIDEND

WWJD

Die uitdrukking "What would Jesus do?", wat ons ook beter ken as die afkorting WWJD, het in die laat 1800's veral gewild geraak in die VSA n.a.v. die boek van Charles Sheldon met die titel *"In His Steps: What Would Jesus Do."* 'n Ondernemende Christen sakeman het 'n aantal jare gelede met die idee vorendag gekom om 'n armbandjie aan Christelike jongmense te verkoop met die letters WWJD daarop. Dit sou 'n konstante herinnering aan die draer wees om na te dink oor hoe Jesus in enige gegewe omstandighede sou optree.

Dit is dan ook die onderwerp waarna ons vanoggend gaan kyk. Hoe moet ek optree in omstandighede wat spesifiek swaar en moeilik is. Ons is besig om te wandel deur die brief wat Petrus geskryf het.

BRIEF VAN PETRUS

In die brief skryf Paulus aan gelowiges in Klein Asië, wat geweldige lyding moes verduur vanweë ernstige verontregting en diskriminasie vanaf die heidense omgewing. Met die brief wil Petrus hulle bemoedig en versterk om nie onder die lyding van onregverdige leiers te rebelleer nie. Tot nou in die brief het Petrus die Christene bemoedig, maar hy wil ook dit 'n stap verder neem deur vir hulle leiding te gee oor hoe hulle optrede in hierdie moeilike tyd moet lyk.

Petrus skryf hier aanvanklik aan die slawe. Tog verbreed hy algaande sy gedagtegang om sodoende ook voorskrifte te gee wat vir alle gelowiges sal geld. Dit waaroor Petrus praat, het dus nie alleen op die slawe betrekking nie, maar op

alle gelowiges! Natuurlik was hulle as gelowiges uitgedaag met die vraag: “Hoe moet ons as gelowiges hierdie swaarkry hanteer? Hoe moet ons optree in hierdie slegte tye.” Baie van hulle lyding was onregverdig en onmenslik en dit terwyl hulle wou reg en goed lewe. Petrus antwoord hulle vraag deur die volgende woorde: “Volg in Jesus se voetspore”. Petrus gebruik die lewe en voorbeeld van Jesus Christus om as model voor te hou vir diegene wat mishandel word of swaarkry. Hoe het Jesus onregverdige behandeling hanteer? Wat was Sy optrede tydens tye van verdrukking en swaarkry?

JESUS SE OPTREDE TYDENS TYE VAN LYDING

Jesus se optrede tydens Sy swaarkry het vir gelowiges 'n baie besondere voorbeeld nagelaat. Petrus lig n.a.v. Jesaja 53 vier kenmerke van Jesus se reaksie op lyding uit:

1. Hy het nie sonde gedoen nie.
2. Hy het nie bedrog gepleeg nie.
3. Hy het nie terug geskel nie.
4. Hy het nie gedreig nie.

Petrus wys hulle op Christus wat nie toegegee het aan die sonde tydens Sy uitmergelende lyding nie. So het Christus vir hulle 'n voorbeeld gegee om te volg, 'n voorbeeld van nie-vergelding – nie in woord of daad nie – in stil vertrouwe op die regverdige oordeel van God.

ONS UITDAGENDE TYE

Ek dink ons almal ervaar 'n mate van ongemak en uitdagings in die tyd waarin ons nou is. Hierdie grendelstaat het 'n geweldige impak op ons land en al ons mense! Die impak speel uit op soveel verskillende vlakke. Die grootste hiervan is seker die mense wat siek word en sterf en families wat daarmee moet saamleef. Dan beslis ook die astronomiese ekonomiese verliese. Ons kan ook dink aan die sosiaalmaatskaplike impak wat hierdie krisis het. So kan ons aangaan.

Ons ervaar natuurlik hierdie krisis op verskillende maniere. Die impak op sommige is meer as op ander. Miskien beleef jy tans geweldige ekonomiese druk a.g.v. die Covid-19-virus. Jy ontvang dalk nie jou volle salaris nie, jy het dalk jou werk verloor, of jou besigheid se deure is steeds toe. Of miskien beleef jy dit net op 'n emosionele vlak. Jy is depressief omrede jy ingehok is en nie kontak met mense mag hê nie. Nou is die vraag: "Midde hierdie krisis: hoe moet my optrede wees?" Watter raad kan Petrus vir ons vanoggend kom gee? Midde hierdie storm waarin ons tans is, wat verwag God van my? Hoe moet my optrede wees?

Dan weer die vraag: WWJD?

TYD VAN GENADE

Petrus wil veral vir ons twee perspektiewe kom gee. Die eerste perspektief wat hy gee is effens verrassend. Hy sê "Onverdiende lyding omdat ons aan God getrou wil wees, is eintlik genade." Ons moet dus anders kyk en dink oor tye van beproewinge. Die Franse digter Paul Claudel het eenkeer geskryf: *"God het nie gekom om lyding weg te neem of om dit te verklaar nie. Hy het gekom om die lyding met Sy teenwoordigheid te vul."*

Jakobus wil ook sy stem hier byvoeg en ons lees in Jakobus 1:2 *"Broers en susters julle moet blywees wanneer allerlei beproewings oor julle kom, want soos julle weet, as julle geloof die toets deurstaan het, stel dit julle in staat om te volhard."*

Eerstens moet ons dus na swaarkry tye kyk as 'n tyd van genade en 'n tyd wat ons geestelik kan groei. Soos C.S. Lewis skryf: *"Beproewings is nie 'n keusevak in die leerplan van die Christelike lewe nie, dit is 'n voorgeskrewe kursus."*

Maar dan wil Petrus vir ons in die tweede plek nog iets leer en dit is om Jesus se voorbeeld te volg.

JESUS ONS VOORBEELD

Petrus wys op Jesus se voorbeeld en sê: "Kyk mooi na Jesus!" Hoe het Hy in uitdagende tye opgetree? Jesus is getart, gespot, geslaan en gekruisig. En tog het hy nie terug baklei nie. Jesus het alles oorgelaat aan God Sy Vader.

1. Hy het nie sonde gedoen nie.
2. Hy het nie bedrog gepleeg nie.
3. Hy het nie teruggeskel nie.
4. Hy het nie gedreig nie.

Petrus sê: "Christus het vir ons gely, en het vir ons 'n voorbeeld gelaat." Die woord voorbeeld hier beteken patroon. Dit is byvoorbeeld gebruik wanneer 'n onderwyser die letters van die alfabet sou skryf, en die kinders hierdie letters sou leer deur dit met hul eie penne na te skryf. Ons word geroep om die optrede van Jesus se lewe te kopieer, deur die lyne wat Hy ons na gelaat het, na te streef.

TEN SLOTTE

Bruce Waltke, 'n professor in Ou Testament en Hebreeus het eenkeer die volgende gesê: *"Ek het die stadium in my lewe bereik waar ek glo dat God ons net by uitsondering sê waarom daar lyding is, dus het ek besluit om op te hou vra. Selfs al sou Hy redes verskaf, ek dit selde sou verstaan. Sy weë is hoer en baie meer oorweldigend as wat ons beperkte verstand kan begryp."*

Lydning bly aktueel in Suid-Afrika. Die vraag is hoe moet ons optree midde hierdie lyding. Wat getuig jou optrede? Dat dit genade by God is om onskuldig te ly, dat ons geroep is om in Christus wat bereid was om onskuldig te ly se voetstappe te volg, om onself te verloën, om lief te hê tot die uiterste punt van selfoorgawe en om alles aan Hom wat regverdig oordeel, oor te laat. Ek dink aan die woorde van die ou lied van Isaac Watts

Am I a soldier of the cross?
A follower of the Lamb?
And shall I fear to own His cause
Or blush to speak His name

Sure I must fight if I would reign
Increase my courage, Lord
I'll bear the toil, endure the pain
Supported by Thy Word. AMEN